Winter 2007
Volume 39
No.3

# STRAATWERK

**Nuwe e-pos en webblad adres vanaf 1 Augustus 2007**

admin@straatwerk.org.za

EN

www.straatwerk.org.za

***Moenie wegbeweeg van dit waarin julle glo nie***

## Sukses en seën

Die skrywer van die Predikerboek het groot ondernemings aangepak. Hy het besittings versamel en silwer en goud opgegaar, meer as almal in Jerusalem. Hy het hom geen plesier ontsê nie. En sy gevolgtrekking oor dit alles? Dit versadig nie jou siel nie. Nadat hy sy hartsbegeertes bereik het, het sy hart self nog leeg gebly.

'n Samelewing waarin sukses deurslaggewend is, is genadeloos. Vir treur en trane het so 'n gemeenskap nie tyd of lus nie. Van die suksesgemeenskap geld die volkswysheid: As jy lag, lag die ander saam; maar treur jy, treur jy alleen. Dit is 'n samelewing van uithaal en wys. Swakkes en gestremdes, selfs al word hulle verdra, voel permanent ontuis. In 'n suksesbesete wêreld word jy gemeet aan jou prestasies; word jy geoordeel volgens jou werke. By STRAATWERK bevind jy jou elke dag tussen hierdie twee wêrelde. Wat so 'n sukses-samelewing aan ons kinders doen, hoef ek julle nie te vertel nie. Selfs verskrikliker is dit wanneer die kerk - wat 'n gemeenskap van troos moet wees - saamsing in dié koor deur onderlinge kompetisie. .

Die feit dat die Koning van die kerk 'n Gekruisigde is, moet vir elke Christen as waarskuwing dien dat ons sukses en seën nie moet vereenselwig nie. Christus is die Oorwinnaar, maar nie volgens menslike maatstawwe nie. Juis omdat Hy hierdie suksesbesete wêreld met hom in die graf begrawe het, het Hy oor die wêreld getriomfeer. Saam met Hom het uit die graf 'n nuwe skepping verrys waarin nie verdienste nie, maar genade deurslaggewend is.
Daarom noem Christus in die Saligsprekinge (Matt 5:3-11) nie die suksesvolles geseënd nie, maar juis die armsaliges. Hiervolgens is die werklik gelukkiges / geseëndes diegene wat in ons suksesbesete samelewing geen status het nie: die wat treur, die wat dors na geregtigheid, die sagmoediges, die barmhartiges, die beledigdes, vervolgdes en diegene wat weet hoe afhanklik hulle van God is. Hierdie onsuksesvolles noem Christus die geseëndes.

**In hierdie uitgawe:**

**Bid saam met ons regdeur die nuusbrief!**

*"My liewe broers en susters, dit gee julle alle rede om julle nie 'n duim te laat wegbeweeg van dit waarin julle glo nie. Staan vas. As daar iets is wat julle vir die Here kan doen, doen dit en nog meer, maak nie saak wanneer en waar nie. Julle twyfel mos nie een oomblik daaraan dat wat julle vir die Here doen die moeite werd is nie."*
(1 Kor 15:58 uit Die Boodskap)

Soos die Here die werk van Sy hande nie laat vaar nie, laat Hy ook nie die werk van sy kinders se hande vaar nie. Trouens, baie van die werk van Sy hande, verrig die Heilige Gees juis deur sy kinders se hande.

Dankie dat jy saambid dat die Here ook die werk van STRAATWERK sal seën.

**Fourie**

# Waardevol vir Jesus

**Help liewers die mense wat nie self hulle saak kan stel nie, wees jy hulle stem.**

Spreuke 31:8-9

**Waardevol vir Jesus**
**Nie te koop nie**
**STOP**
Misbruik
Prostitusie
Pornografie

Om te praat namens hulle wat nie hulle eie saak kan stel nie, is die dringende verantwoordelikheid van ons as Kerk. Ons is die Here se Liggaam hier op aarde en daarom moet ons duidelik in liefde die waarheid praat.

Wanneer ons hoor van babatjies wat verkrag word, moet ons praat en innig liefhê. Wanneer kinders in prostitusie geforseer word, moet ons praat en innig liefhê. Wanneer naakte foto's van kinders gepubliseer word (wat nog misbruik aanhelp) moet ons praat en innig liefhê.

'n Klein kykie in die huidige realiteit in Suid-Afrika:
Meisies word helder oordag by skole, winkelsentrums en taxi-staanplekke ontvoer. Hulle word herhaaldelik deur bendes verkrag en in prostitusie en dwelmmisbruik forseer. Dit is nie maklik om te ontsnap nie, aangesien hulle geslaan en gevange gehou word. Die meisies word soms selfs vermoor.

Nadat die meisies ingetrek is in die maalkolk van prostitusie, word hulle gebruik om hulle susters en vriende ook in te nooi.

Ouers (wat gewoonlik werkloos is, disfunksionele verhoudings het en nie daaretoe in staat is om hulle kinders te versorg nie) forseer hulle kinders om hulle liggame te verkoop. Dit gebeur baie keer sommer van die ouerhuise af.

Dit is ‘n realiteit dat mense bewus is van kinderprostitusie in hulle eie gemeenskappe, maar dit as 'n "nodige euwel" regverdig.

Inligting geneem van bevindinge verskaf deur Molo Songololo

Ons het vir jare lank al die voorreg om op straat uit te reik en om ons lewens met baie seer vrouens en kinders te deel. Hierdie kosbare mense se lewens en harte vertel die storie van misbruik, verwaarlosing en intense skade. Ons het ook die vreugde om te sien hoe hulle die Here as Verlosser leer ken en hoe Hy hulle lewens stukkie vir stukkie verander.

Die Here roep sy kerk op vele maniere op om die saak van prostitusie aan te spreek. Ons glo die *Waardevol vir Jesus* Veldtog is een van die maniere.

**Die visie van *Waardevol vir Jesus* is om kinders in die naam van Jesus Christus te waarsku teen misbruik, prostitusie en pornografie en om aan hulle die hoop van ‘n oorvloedslewe in die Here te bring.**

Ons is baie dankbaar dat ons kontak kon maak met kerkleiers, in geïdentifiseerde hoë-risiko areas, met wie ons gaan saamwerk om die boodskap in skole in die areas te bring. Die kerkleiers se entoesiasme en openheid rakende die saak is 'n groot bemoediging.

**‘n Raamwerk van die boodskap wat ons so duidelik as moontlik wil deel:**

**Wie is jy?**
- Jy is liefdevol handgemaak deur die Almagtige God van die Heelal.
- Daar is niemand soos jy nie.
- Jy is UITERS waardevol - geen geld kan jou koop nie.

**Wat is God se plan vir jou?**
- Dat jy Hom persoonlik sal ken, deur Jesus Christus (sy Seun) as Verlosser en Here aan te neem.
- Om jou veilig en versorg in die palm van sy hand te hou.
- Om vir jou sy droomplan vir jou lewe te wys

**Wat is God se plan vir seks?**
- Binne die huwelik.
- As ongetroude of kind.

# Nie te koop nie!

**Wat is misbruik?**

- Wanneer iemand aan jou liggaam raak op 'n manier wat jou onveilig, waardeloos en ongeliefd laat voel, selfs al hou jy van die sensasie wat dit gee of die aandag wat jy kry.

**Wat is prostitusie?**

- Wanneer iemand jou geld, kos, klere of enige iets anders gee/aanbied in ruil daarvoor om naby aan jou liggaam te wees, op maniere wat net in die huwelik pas.

**Wat is pornografie?**

- Enige beelde (foto's, videos, DVD's, ens.) wat enige deel van 'n dogter, seun, man of vrou se lyf wys wat eintlik bedek moet wees.

**Misbruik, prostitusie en pornografie is nie deel van God se plan vir jou lewe nie. Dit vernietig altyd lewens!!!**

As iemand jou misbruik het of jou vir prostitusie en pornografie gebruik het, moet jy weet dat dit nie jou fout is nie. Jesus wil jou vry en heel maak. Praat met volwassenes hieroor, totdat ten minste een volwassene by wie jy veilig voel jou glo en jou help beskerm.

**<u>WAARSKUWING:</u>**

Mense gaan rond en vertel baie leuens, om kinders te oortuig om saam met hulle te gaan. Wanneer kinders saam met hulle gaan, misbruik hulle die kinders en gebruik hulle vir prostitusie en pornografie.

**Onthou, jy is WAARDEVOL!!!**

Nadat die boodskap gedeel is, sal elke kind 'n omgee-pakkie ontvang met 'n handgebreide poppie, ‘n sjokelade en 'n kaartjie met die boodskap (Waardevol vir Jesus - nie te koop nie. Stop: Misbruik, Prostitusie en Pornografie).

Ons sal vir die vogende twee jaar besig wees met die *Waardevol vir Jesus* Veldtog.

## Die kerk en die straat hoort bymekaar

Stap jy op ‘n Saterdagoggend in Breestraat 108, Kaapstad in, sien jy ‘n wonderlike gesig. Werkende jongmense en haweloses sit saam om ‘n groot tafel en probeer om mekaar beter te leer ken deur middel van kreatiewe projekte. Tydens een van die sessies moes almal hulle drome met woorde en prentjies op karton uitbeeld. En wat het hulle uitgvind? Mense se basiese drome is maar dieselfde - of jy op die straat bly en of jy in ‘n woonstel of huis bly. Elkeen begeer liefde, gesonde kos, ‘n motor, familie-wees ens.

Ons danki die Here vir hulle inisiatief - mag daar nog vele geleenthede wees om mekaar se werelde te leer verstaan.

# Is die lewe te kort vir slegte koffie?

***Bibs, scoops, besems, wheelbarrows, harde werk en 'n lekker koppie koffie...***

***Elias, Sarah, Bongi! Ja, ja die Buitengracht Team - kom kry die bibs! Jafta, kom help asseblief om die wheelbarrow hier uit te haal en Saunders - trek op jou broek, kan jy nie sien jy is in 'n dame se geselskap nie. Graffiti cleaning! Het julle nog genoeg thinners en paint vir Precinct 3? Hoekom soek julle meer brooms en scoops? Daai besem is reg - dit is net effens los bo-op. Ok, maar Maandag moet die ander besems reggemaak word, anders gaan ons in die moeilikheid kom...***

Soos 'n geoliede masjien word die spanne op 'n rotasiebasis ingedeel. Eerstens moet die spanne van die dag aanmeld en ingedeel word, daarna word die volgende dag se skofte uitgelees en jy kan bie vir jou skof. Ek het staan en wonder of 'n mens hoërgraad wiskunde nodig het om die sisteem te verstaan, maar al wat saakmaak is dat dit werk. Na die indelings moet elke span gaan aanmeld by die stoor en dit is 'n roesemoes van beweging (en sommer ook 'n opvoedingsproses in etiket en aantrek). En weë jou as jy drie besems gekry het en jy kom met net twee terug, sonder 'n baie goeie verduideliking. Die stoorvoorvrou ken haar werk en sy ken haar mense en op 'n mooi manier dwing sy gesag af. Sy weet presies hoeveel bibs skoon en hoeveel vuil is. Sy weet presies hoeveel vullissakke per dag, per week en per maand gebruik word, en sy weet presies waartoe almal in staat is - soos Jafta met die wheelbarrow. Jafta is altyd onvas op sy voete en ek het gewonder of hy ooit die wheelbarrow uit die stoor sal kry. Hy het, met grasie en vaardigheid.

Later kom meld die Jesus Saves Daily aan. Hulle is spesiale helpers wat nie gewone opruimskofte kan doen nie, weens fisiese of verstandelike gebreke. Moedig met net een been, of een oog, of beperkte verstaan hou hulledaagliks die OPHELP-kantoor en die bibs skoon. Hulle verdien op 'n eerbare manier hulle daaglikse brood, soos elkeen van die ander werkers.

En wanneer die skofte terugkom? Weereens 'n geroesemoes by die stoor, 'n aanmeld by die kantoor en dan 'n vinnige inglip by die koffiekamer vir 'n lekker koppie koffie. Het iemand eenmaal gesê dat die lewe té kort is om slegte koffie te drink? Ek dink hulle het nog net nie hard genoeg gewerk nie. Na 'n skof van vee en buk en vee en buk en hotspots skoonmaak en munispale drommetjies teen lamppale uitwas verseker ek jou - selfs die eenvoudigste koffiekamer-koffie smaak na 'n tweede koppie.

**Kom kuier by ons:**

**Bekendstellingsaande:**
Eenmaal per maand, om 19:30 word daar 'n bekendstellingsaand gehou om die werksaamhede van STRAATWERK bekend te stel.
Volgende geleentheid:
7 Aug, 4 Sept, 2 Okt, 6 Nov.
(Skakel ons net vooraf as jy so 'n aand wil bywoon)

**STRAATWERK-toere:**
Kom besoek o.a. die koffiekamer en ander uitreikplekke.
(Bespreek vooraf jou plek, oggend/aandtoere is beskikbaar. Daar is plek vir 8 persone per toer.)

## Akkommodasie beskikbaar

STRAATWERK het veilige, billike akkommodasie beskikbaar by ons Hoofkantoor in die Noordelike voorstede (20km vanaf Kaapstad-middestad, naby Tygerberg en Panorama Hospitaal).
Moet jy iemand in die hospitaal kom besoek of dalk 'n konferensie of kursus bywoon?

Skakel vir Fourie Truter by (021) 930 8055.

**Radio Tygerberg**
**104 FM**
Vanaf 1996 het STRAATWERK die voorreg om weekliks 'n program aan te bied op Radio Tygerberg. Tans word die program op Sondagmiddae 14:00 uitgesaai. Getuienisse word gedeel, gesprekke word gevoer en luisteraars word op hoogte gebring van dit wat God doen op die strate van Kaapstad.
Skakel gerus in.
(Ontvangs slegs in die Kaapse Skiereiland of regstreeks op www.104fm.org.za)

KAAPSEDRAAI
Gastehuis
is meer as net 'n gastehuis. Annette Victor is sinoniem met gasvryheid, liefde en omgee in oorvloed. Bespreek gerus vir 'n nag of twee se wegbreek, of vir 'n heerlike ontbyt vir jou en jou vriendinne of vir 'n aandete uit die boonste rakke.
Skakel gerus vir STRAATWERK vir meer inligting.


***Ons is op die web!***
***www.straatwerk-capetown.co.za***

Straatwerk
**'n Uitreikbediening na mense in nood in Kaapstad**
**Posbus 910**
**Parow**
**7499**
**Tel: +27 21 930 8055**
**Faks: +27 21 930 7690**

E-pos: admin@straatwerk-capetown.co.za
Registrasienommer: NPO 003 276
ABSA takkode: 502 110
ABSA Rekeningnommer: 450 800 457


Die liefde van Christus dring ons!